Beeld - 17 November 2015

ASTRAL FOODS

# Swaarkry lê voor in '16

Vida Booysen

Die plaaslike hoenderbedryf staal hom vir 'n jaar waarin 'n paar van sy stertvere gepluk gaan word.

Die bedreiging van 'n erge droogte ná die kleinste mielieoes in jare kan die koste van hoendervoer skerp laat styg, terwyl goedkoop ingevoerde hoender winsmarges en verkoopvolumes onder druk sal sit.

Dié waarskuwing kom van Chris Schutte, uitvoerende hoof van die pluimvee- en voerprodusent Astral Foods. Die maatskappy het Maandag sy resultate vir die boekjaar tot September bekend gemaak.

Aan die een kant het beter verkooppryse van pluimvee en 'n toename in voer- en pluimveevolumes daartoe bygedra dat Astral se inkomste met 17,3% tot R11,3 miljard toegeneem het en sy bedryfswins met 123% tot R1,1 miljard gestyg het. Die wesensverdienste per aandeel is 133% hoër op R20,16.

"Maar aan die ander kant sal die meeste van die sterre wat in lyn gekom het om dié goeie stel resultate tot gevolg te hê, nie in die volgende boekjaar wéér saamval nie."

Schutte skryf sy maatskappy se goeie vertoning toe aan sy sterk balansstaat en die feit dat hy sy skuldvlakke die afgelope jare onder beheer gebring het.

"Dit laat ons in 'n sterk posisie om verkrygings te doen in 'n mark wat waarskynlik weens die kostedruk konsolidasie gaan beleef."

Die grootste uitblinker in Astral se stal was die pluimvee-afdeling, met 'n styging in inkomste van 25,5% tot R8,739 miljard. Die voerafdeling se inkomste het met 13,3% tot R6,236 miljard gestyg danksy 'n styging in verkoopsvolume. Bedrywighede in die res van Afrika is negatief geraak deur wisselkoersveranderinge wat insetkoste in Zambië en Mosambiek skerp laat styg het. Dié inkomste het marginaal met 1,2% tot R6,236 miljard gestyg.

Hoenderinvoer uit die Europese Unie (EU) het die afgelope maande tot rekordvlakke van 8,6 miljoen hoenders per maand gestyg, ondanks die ongunstige wisselkoers wat EU-hoender duurder as gewoonlik maak, asook die teenstortingstariewe wat op hoender uit lande soos Nederland en Brittanje gehef is.

Hy waarsku die impak van die toegewing wat die plaaslike pluimveebedryf gedoen het om sy mark oop te stel vir 65 000 ton hoender sonder teenstortingstarief uit die VSA sal veral die kleiner binnelandse hoenderprodusente seermaak. Dit was die voorwaarde waarop die VSA die Agoa-ooreenkoms hernu het, wat Suid-Afrika toelaat om tot 80% van sy motoruitvoer na die VSA tariefvry te doen. Schutte is krities oor wat hy beskryf as die "dreigende houding" wat die VSA ingeneem het omdat Suid-Afrika volgens die VSA nie sy spertye vir die oopstelling van sy mark gehaal het nie.

"Die knelpunte was op administratiewe en veegesondheidgebied. Die VSA is self op rekord dat sulke knelpunte lank duur om uit te stryk, en nou wil hy ons dwing om dit binne enkele maande te doen.

"Ek is verbaas dat pres. Barack Obama, tussen al die wêreldkonflik wat sy aandag vereis, steeds tyd het om 'n dreigbrief oor hoenders te skryf. Is ons nou die welvaartskepper vir die VSA se pluimveebedryf?"

'n Dividend van R11,50 per aandeel word uitgekeer – 161% meer as in Maart verlede jaar.